Wes-Boland Eisteddfod

Prestige-aand - 14 September 2018 om 19:00 te Laerskool Swartland

- Alle pryswenners moet die Prestige-aand in die **skoolsaal van Laerskool Swartland** op **Vrydag, 14 September 2018** bywoon om hul pryse in ontvangs te neem.
- Die aand se amptelike verrigtinge sal **stiptelik om 19:00** begin.
- Dit is uiters belangrik dat wenners **reeds om 18:30 moet aanmeld** om orde-reëlings te tref. Wees asseblief betyds.
- Daar sal nie ‘n snoepie of pouse wees nie. Maak dus seker u kind het ‘n kospakkie of eet voor die tyd klaar.
- Pryswenners moet netjies en in hul **skoolklere** of **klere van instansie** waarby hul ingeskryf is, geklee wees.
- In die geval waar ‘n wengroep van 5 of meer ‘n prys ontvang, moet een afgevaardigde uit die groep die trofee in ontvangs kom neem.
- Ouers en ander belangstellendes word hartlik uitgenooi om die aand gratis mee te maak.
- Deelnemers aan die konsert word gevra om op Vrydag, 14 September om **18:30** saam met die ander pryswenners by Laerskool Swartland se skoolsaal aan te meld. Daar gaan ongelukkig nie ‘n oefengeleentheid wees vir die optreders nie. Ons sal hul wel uit die saal roep voor die verrigtinge begin en verduidelik hoe die vloei van die konsert sal verloop.
- Maak asseblief verskoning indien enige pryswenner nie die aand kan bywoon nie.